Mikro Graad R: Die nare kiem

Dag 1: 1 Junie		
Leerarea	**Opdrag**	**Benodighede**
Breinoefening	Masker uitdaging: 5 minute Soektog: Maatjie sit op stoel. Mamma gee dan instruksies van goed wat hy in die huis moet gaan soek, en kom sit dit op die stoel neer. Bêre dit dan dadelik om volgende item te soek: - Soek iets wat rooi is. - Soek iets wat rond is. - Soek iets wat kleiner is as die stoel. - Soek iets wat mens kan eet. - Soek iets wat jy aan jou voete kan dra. - Soek iets wat kan rol. - Soek iets wat groen is. - Soek iets wat groter is as die stoel. - Soek iets wat sag voel.	Lees asseblief die dokument Masker uitdaging deur Kyk die video Breinoefeninge Stoel/sitplek Jou huis *Maak asseblief enige soort doppies bymekaar: melkbottel, koeldrank, ens. vir volgende week.
Huistaal	Kyk die Kammaland video en oefen die robotletter. Mamma skryf die klankies op jou rug en jy raai watter klankie dit is.	Kammaland video

Bespreking / Kreatief (LV)	Kyk die video van die Superheld teen Corona	Die Graad R Superheld video of PDF
Dag 2: 2 Junie		
Leerarea	**Opdrag**	**Benodighede**
Breinoefening	Masker uitdaging: 10 minute 1. Teken met jou vinger 'n sirkel in die lug. 2. Gebruik skoene om die vorm uit te pak op die grond. 3. Huppel dan van skoen tot skoen om die vorm voor te stel. 4. Herhaal stappe met vierkant, driehoek en reghoek	Skoene
Wiskunde	Hersien getalnaam 1-5 <u>Aanleer van getal 6</u> - Getal 6 storie - Wat kan jy alles tel waarvan daar 6 is? Wys dan met jou vinger na elkeen soos jy tel. - Hoe skryf ek die getal 6. Bou nou vir getal 6 met klei of pak getal 6 uit met klippies	Getal 6 dokument klei klippies
Dag 3: 3 Junie		
Leerarea	**Opdrag**	**Benodighede**
Breinoefening	Masker uitdaging: 15 minute Boontjiesak-stap Sit boontjiesak op jou kop.	boontjiesak alternatief: sakkie met rys/boontjies in.

	Mamma gee instruksie van hoe kind moet stap: vorentoe, agtertoe, links, regs	*Maak asseblief enige soort doppies bymekaar: melkbottel, koeldrank, ens. vir volgende week.
Huistaal	Neem 'n wit papier en teken vir Willie, Vinnie, Manie, Nettie en Otto. Skryf elkeen se klankie onder hul prentjie neer. Vertel nou vir mamma enige storie oor die 5 karakters. (Gebruik jou verbeelding en maak jou eie storie op.) Mamma moet nou haar masker opsit en woordjies opsê wat met die volgende klankies begin: r, l, h, t en o. Luister nou mooi, want jy kan nie mamma se mond sien nie. Raai wat die begin klankie van elke woord is. Vir die pret, sit nou jou masker op en dink aan woordjies wat met 'n r, l, h, t en o begin. Nou is dit mamma se beurt om te raai met watter klankie die woord begin. (Mamma kan soms verkeerd raai om hulle te toets.) Mamma hou haar masker op en sê twee woorde. As die twee woorde dieselfde is moet jy jou hande klap. Bv. kat, kas / mat, mat / sit, sat. (Jy sal net klap as mamma sê mat, mat.)	Wit papier en kryte Mamma se masker Jou masker
Bespreking / Kreatief (opsioneel) (LV)	1. Die Kiem liedjie- maatjie kan saam sing en dans 2. "Glitter" eksperiment Stappe: -Smeer glitter/grond aan maatjie se hande en verduidelik dat dit kieme voorstel. -In die bak water moet die maatjie nou sy hande was met seep.	1. https://www.youtube.com/watch?v=MsNmCnh_bFE 2. https://www.youtube.com/watch?v=3koIOWXjkE0 Benodig:

	-Gesels oor dat die seep en water die kieme doodmaak en dit nie meer op jou hande bly nie, en dis hoekom ons gereeld ons hande moet was.	Bak water Seep glitter/grond
Dag 4: 4 Junie		
Leerarea	**Opdrag**	**Benodighede**
Breinoefening	Masker uitdaging: 20 minute Soek 3 goed in die huis wat langer is as jy. Soek 3 goed in die huis wat korter is as jy.	
Wiskunde	Hersien: Getalnaam 6 Tel voorwerpe tot 36 Meer as, minder as en ewe veel - Watter groepie diere is die meeste? - Hoeveel apies is meer as die sebras? - Hoeveel sebras is minder as die apies? - As die twee ewe veel moet wees wat moet ek dan maak? Rangorde - Watter dier staan eerste in die ry? - Watter dier staan derde in die ry? - Watter dier staan laaste in die ry? - Watter huis se nommer is eerste gebou? (vra geskommel van eerste tot sesde) Voor en na - Wie staan voor die olifant in die ry? - Wie staan voor die meerkat in die ry?	Hersien leerareas dokument

	- Wie staan voor die eend in die ry? - Wie staan na die olifant in die ry? - Wie staan na die meerkat in die ry? - Wie staan na die kameelperd in die ry? Optel en aftrek - Kyk na die prentjie, hoeveel huise moet Juffrou terug stap om by huis nommer 3 uit te kom? - Kyk na die prentjie, hoeveel huise moet Juffrou terug stap om by huis nommer 1 uit te kom? - Kyk na die prentjie, hoeveel huise moet Juffrou aanstap om by huis nommer 6 uit te kom? - Kyk na die prentjie, hoeveel huise moet Juffrou aanstap om by huis nommer 5 uit te kom? - Kyk na die prentjie, hoeveel huise moet Juffrou terug stap om by huis nommer 1 uit te kom?	
Dag 5: 5 Junie		
Leerarea	**Opdrag**	**Benodighede**
Breinoefening	Bou 'n legkaart (35+ stukke)	Legkaart Alternatief: prent opgeknip *Maak asseblief enige soort doppies bymekaar: melkbottel, koeldrank, ens. vir volgende week.

Musiek en Beweging (LV)	1. Beweging: Mamma/pappa sê watter oefening die kind volgens hul naam moet doen. 2. Musiek: Kyk na die video en dans saam met juffrou.	1. Maak die Spel jou naam PDF oop. 2. Gebruik die Musiek video.
Bespreking / Kreatief (opsioneel) (LV)	Maak 'n hoed so groot as wat jy kan om vir ander maatjies te wys dat jy jou eie I meter spasie het.	https://www.youtube.com/watch?v=EPi7HumE_Ms